
SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS




You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

Iphondo leMpuma Kapa: Isebe leMfundo
Provinsie van die Oos Kaap: Department van Onderwys
Porafensie Ya Kapa Botjahabela: Lefapha la Thuto

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## JUNIE 2026

# GESKIEDENIS V1

**PUNTE:** 150

**TYD:** 3 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye en 'n addendum van 14 bladsye.

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B wat op die voorgeskrewe inhoudsraamwerk in die KABV-dokument gebaseer is.

   **AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE**

   VRAAG 1: DIE KOUE OORLOG: DIE OORSPRONG VAN DIE KOUE OORLOG

   VRAAG 2: ONAFHANKLIKE AFRIKA: GEVALLESTUDIE – ANGOLA

   VRAAG 3: BURGERLIKE VERSET VANAF DIE 1950's TOT DIE 1970's: DIE AMERIKAANSE BURGERRREGTEBEWEGING

   **AFDELING B: OPSTELVRAE**

   VRAAG 4: DIE UITBREIDING VAN DIE KOUE OORLOG: GEVALLESTUDIE - VIËTNAM

   VRAAG 5: ONAFHANKLIKE AFRIKA: UITDAGINGS WAT KONGO NA ONAFHANKLIKEHEID IN DIE GESIG GESTAAR HET

   VRAAG 6: BURGERLIKE VERSET VANAF DIE 1950's TOT DIE 1970's DIE SWARTMAGBEWEGING

2. AFDELING A bestaan uit DRIE brongebaseerde vrae. Bronmateriaal wat benodig word om hierdie vrae te beantwoord, kan in die ADDENDUM gevind word.

3. AFDELING B bestaan uit DRIE opstelvrae.

4. Beantwoord DRIE vrae soos volg:

   4.1 Ten minste EEN moet 'n brongebaseerde vraag wees en ten minste EEN moet 'n opstelvraag weees.

   4.2 Die DERDE vraag kan óf 'n brongebaseerde vraag óf 'n opstelvraag wees.

5. Jy word aangeraai om EEN uur per vraag te bestee.

6. In die beantwoording van die vrae moet jy jou kennis, vaardighede en insig gebruik.

7. Jy sal benadeel word deur die blote oorskryf van die bronne as antwoorde.

8. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

9. Skryf netjies en leesbaar.

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae nie, in hierdie afdeling. Die bronmateriaal wat benodig word om hierdie vrae te beantwoord, is in die ADDENDUM vervat.

### VRAAG 1: HOE HET DIE BERLYNSE BLOKKADE DIE KOUE OORLOG-SPANNING IN EUROPA TUSSEN 1948 EN 1949 VERHOOG?

Bestudeer Bron 1A, 1B, 1C en 1D en beantwoord die vrae wat volg.

1.1 Verwys na Bron 1A.

1.1.1 Definieer die term *Koue Oorlog* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

1.1.2 Wat, volgens die bron, wou elk van die volgende lande vir Duitsland hê?

(a) USSR

(b) VSA (2 x 1) (2)

1.1.3 Lys DRIE gebeurtenisse uit die bron wat daartoe gelei het dat Stalin die grense afgesper het. (3 x 1) (3)

1.1.4 Verduidelik waarom die USSR teen die heropbou van Duitsland was. (1 x 2) (2)

1.1.5 Waarom dink jy het Stalin die instelling van Marshall-hulp as 'n poging om die Russiese invloed in Oos-Europa te ondermyn, gesien? (2 x 2) (4)

1.2 Bestudeer Bron 1B.

1.2.1 Waarom, volgens die bron, was die USSR verplig om nuwe maatreëls te implementer? (1 x 2) (2)

1.2.2 Hoe, volgens die bron, het die USSR die beweging van treinpendelaars tussen die Sowjet-sone en die Westerse sones beheer? (1 x 2) (2)

1.2.3 Verduidelik wat die Sowjetunie gehoop het om te bereik deur die Berlynse Blokkade in 1948 op te lê. (1 x 2) (2)

1.2.4 Lewer kommentaar oor die impak van die Berlynse Blokkade op die mense van Wes-Berlyn. (1 x 2) (2)

1.2.5 Verduidelik die bruikbaarheid van hierdie bron vir 'n historikus wat die rol bestudeer wat die USSR in die Berlynse Blokkade van 1948–1949 gespeel het. (2 x 2) (4)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

1.3 Lees Bron 1C.

1.3.1 Verduidelik die term *lugbrug* in die konteks van die Berlynse krisis. (1 x 2) (2)

1.3.2 Lys DRIE maniere waarop die Berlynse lugbrug mettertyd verbeter het. (3 x 1) (3)

1.3.3 Waarom, volgens die bron, het dinge nie goed gegaan vir die Sowjette nie? (1 x 2) (2)

1.3.4 Verduidelik hoe die lugbrug die waarde van samewerking beklemtoon het. (1 x 2) (2)

1.4 Raadpleeg Bron 1D.

1.4.1 Waarom dink jy het die Weste hierdie prent gepubliseer? (1 x 2) (2)

1.4.2 Lewer kommentaar oor die impak wat hierdie prente op die mense van Wes-Berlyn sou hê. (1 x 2) (2)

1.5 Verwys na Bron 1C en Bron 1D. Verduidelik hoe die bewyse in Bron 1D die inligting in Bron 1C ondersteun rakende die Weste se reaksie op die Berlynse Blokkade. (2 x 2) (4)

1.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis om 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin jy verduidelik hoe die Berlynse Blokkade die Koue Oorlog-spanning in Europa tussen 1948 en 1949 verhoog het. (8)

**[50]**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**VRAAG 2: HOE HET VERSKEIE HISTORICIË DIE SLAG VAN CUITO CUANAVALE BESKOU?**

Bestudeer Bron 2A, 2B, 2C en 2D en beantwoord die vrae wat volg.

2.1 Lees Bron 2A.

2.1.1 Wanneer, volgens die bron, is die Slag van Cuito Cuanavale geveg? (1 x 1) (1)

2.1.2 Haal bewyse uit die bron aan wat bewys dat die SAW 'n taktiese slag by die Lombi-rivier gewen het. (1 x 1) (1)

2.1.3 Noem TWEE redes uit die bron waarom die Suid-Afrikaanse grondmagte moes onttrek. (2 x 1) (2)

2.1.4 Wat is die implikasie van die stelling: 'die SAW … kon dalk baie gevegte gewen het, maar nie die oorlog nie'. (2 x 2) (4)

2.2 Bestudeer Bron 2B.

2.2.1 Definieer die term *selfbeskikking* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

2.2.2 Wat, volgens die bron, het die balans ten gunste van Namibiese onafhanklikheid verskuif? (2 x 1) (2)

2.2.3 Lys uit die bron TWEE ooreenkomste wat tydens die onderhandelinge in Angola gesluit is. (2 x 1) (2)

2.2.4 Lewer kommentaar oor hoe die Slag van Cuito Cuanavale gehelp het om die nuwe bedeling in Suid-Afrika te bewerkstellig. (2 x 2) (4)

2.2.5 Verduidelik Ronnie Kasrils se seining oor die resultate van die Slag van Cuito Cuanavale. (1 x 2) (2)

2.3 Raadpleeg Bron 2C.

2.3.1 Wat, volgens die Angolese minister van verdediging, het tot die mislukking van die Suid-Afrikaanse aanval op Cuito Cuanavale gelei? (1 x 2) (2)

2.3.2 Haal TWEE bewysstukke aan wat toon dat die skrywer nie geglo het dat die Kubane die Slag van Cuito Cuanavale gewen het nie. (2 x 1) (2)

2.3.3 Verduidelik die term *propaganda* in die konteks van die Kubaanse seining van die Slag van Cuito Cuanavale. (1 x 2) (2)

2.3.4 Waarom dink jy het die skrywer geglo dat Suid-Afrika oorwinnend in die Slag van Cuito Cuanavale was? (1 x 2) (2)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

2.4 Bestudeer Bron 2D.

2.4.1 Hoe weerspieël die beeld die waargenome uitkoms van die Slag van Cuito Cuanavale? (1 x 2) (2)

2.4.2 Verduidelik hoe die foto as bewyse van Suid-Afrika se aanspraak op oorwinning gebruik kan word. (2 x 2) (4)

2.4.3 Lewer kommentaar oor die beperkinge van hierdie bron vir 'n historikus wat die Slag van Cuito Cuanavale ondersoek. (2 x 2) (4)

2.5 Verwys na Bron 2C en Bron 2D. Verduidelik hoe die bewyse in Bron 2C die inligting in Bron 2D ondersteun rakende die Suid-Afrikaanse betrokkenheid by die Slag van Cuito Cuanavale. (2 x 2) (4)

2.6 Gebruik die inligting uit die relevante bronne en jou eie kennis om 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) te skryf waarin jy verduidelik hoe die verskillende historici die Slag van Cuito Cuanavale beskou het. (8)

**[50]**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**VRAAG 3: WAT WAS DIE IMPAK VAN DIE MONTGOMERY BUSBOIKOT OP DIE BURGERREGTESTRYD IN DIE VSA IN DIE 1950's?**

Bestudeer Bron 3A, 3B, 3C en 3D en beantwoord die vrae wat volg.

3.1 Verwys na Bron 3A.

3.1.1 Wat, volgens die bron, het die busbestuurder gedoen toe 'n wit man nie 'n sitplek gekry het nie? (1 x 2) (2)

3.1.2 Haal bewyse uit die bronne aan wat toon dat Rosa Parks die bevel om haar sitplek prys te gee, verontagsaam het. (1 x 2) (2)

3.1.3 Definieer die term *segregasie* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

3.1.4 Verduidelik waarom die polisie Rosa Parks in hegtenis geneem het. (2 x 2) (4)

3.1.5 Waarom dink jy Rosa Parks was bereid om die risiko te loop om tronk toe te gaan? (2 x 2) (4)

3.2 Verwys na Bron 3B.

3.2.1 Watter doel, volgens die bron, het die Montgomery-busboikot gedien? (2 x 1) (2)

3.2.2 Lys TWEE eise uit die formele lys van eise wat deur die MIA gemaak is. (2 x 1) (2)

3.2.3 Veruidelik die term *massaprotes* in die konteks van die Montgomery-busboikot. (1 x 2) (2)

3.2.4 Lewer kommentaar op die stelling: 'Ten spyte van hierdie weerstand, het die boikot voortgeduur'. (2 x 2) (4)

3.3 Raadpleeg Bron 3C.

3.3.1 Watter boodskap word in hierdie foto uitgebeeld? (1 x 2) (2)

3.3.2 Waarom dink jy die stap was '*Die stap vir vryheid'* benoem. (1 x 2) (2)

3.4 Verwys na Bron 2B en Bron 2C. Verduidelik hoe die bewyse in Bron 2C die inligting in Bron 2B rakende die Montgomery-busboikot ondersteun. (2 x 2) (4)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

3.5 Bestudeer Bron 3D.

3.5.1 Haal bewyse uit die bron aan wat toon dat Rosa Parks nie die eerste een was wat in hegtenis geneem is vir die oortreding van segregasiewette nie. (1 x 2) (2)

3.5.2 Wat, volgens die bron, wou die swart betogers hê? (2 x 1) (2)

3.5.3 Wat is die implikasie van die stelling: 'Wanneer jy iets aan my mense doen, doen jy dit ook aan my'? (1 x 2) (2)

3.5.4 Lewer kommentaar oor die betroubaarheid van hierdie bron vir 'n historikus wat die Montgomery-busboikot navors. (2 x 2) (4)

3.6 Gebruik inligting uit die relevante bronne en jou eie kennis om 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) te skryf waarin jy verduidelik wat die impak van die Montgomery-busboikot op die Burgerregtestryf in Amerika in die 1950's was. (8)

**[50]**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

## AFDELING B: OPSTELVRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, in hierdie afdeling maar NIE meer as TWEE vrae nie.

Jou opstel behoort ongeveer DRIE bladsye lank te wees.

### VRAAG 4: DIE UITBREIDING VAN DIE KOUE OORLOG: GEVALLESTUDIE – VIËTNAM

Die militêre taktiek wat deur die Verenigde State van Amerika aangeneem is, het daarin geslaag om die Viëtkong tydens die Viëtnam-oorlog tussen 1963 en 1975 te verslaan.

Stem jy saam met hierdie stelling? Gebruik relevante historiese bewyse om jou argument te ondersteun. **[50]**

### VRAAG 5: ONAFHANKLIKE AFRIKA: GEVALLESTUDIE – DIE KONGO

Mobutu Sese Seko het positiewe veranderinge in die Kongo teweegegbring deur sy politieke, ekonomiese en sosiale beleide wat onmiddellik na die verkryging van onafhanklikheid in 1960 ingestel is.

Bespreek hierdie stelling krities en gebruik relevante bewyse om jou antwoord te staaf. **[50]**

### VRAAG 6: BURGERLIKE SAMELEWINGPROTESTE VAN DIE 1950's TOT DIE 1970's: DIE SWARTMAGBEWEGING

Verduidelik tot watter mate die Swartmagbeweging militant en geweldadig was in die pleit vir respek en waardigheid vir Afro-Amerikaners in die Verenigde State gedurende die 1960's.

Staaf jou argument met relevante bewyse. **[50]**

**TOTAAL: 150**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

Kopiereg voorbehou